Die opstanding *van* Moses

SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:
Númeri 20:1–13, Deuteronómium 31:2; 34:4; 34:1–12, Judas 9, I Korinthiërs 15:13–22.

Geheueteks: "Maar toe Mígael, die aartsengel, met die duiwel in woordestryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het gesê: Die Here bestraf jou!' " *(Judas 9)*.

Soos ons die hele kwartaal gesien het, was Moses die belangrikste figuur in Deuteronómium. Die boek is vol van sy lewe, sy karakter en sy boodskappe. Alhoewel Deuteronómium oor God en sy liefde vir *'am yisra'el*, "die volk Israel" gaan, het God Moses dikwels gebruik om daardie liefde te openbaar en om met sy volk Israel te praat.

Noudat ons aan die einde van die kwartaal gekom het, aan die einde van ons studie oor Deuteronómium, kom ons ook aan die einde van Moses se lewe, ten minste sy aardse lewe.

Soos Ellen G. White dit bewoord het: "Moses het geweet dat hy alleen sou sterf; geen aardse vriend sou toegelaat word om hom in sy laaste ure by te staan nie. Wat nou sou gebeur, was geheimsinnig en ontsagwekkend, en sy hart het daarvoor teruggedeins. Die swaarste beproewing was om geskei van die volk vir wie hy gesorg en wat hy liefgehad het, geskei te word – die volk waarmee sy lewe en sy belangstelling so lank vereenselwig was. Maar hy het geleer om God te vertrou, en met onwankelbare geloof het hy homself en sy volk aan Sy liefde en genade toevertrou." — *Patriarge en Profete*, bl. 470-471.

Net soos Moses se lewe en bediening baie oor die karakter van God openbaar het, so ook sy dood en opstanding.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 25 Desember.*

Die sonde van Moses: Deel 1

Telkemale, selfs te midde van hulle afvalligheid en woestynomswerwinge, het God wonderbaarlik vir die kinders van Israel voorsien. Dit wil sê, hoe onverdienstelik hulle ook al was (en dit was dikwels die geval), het God se genade vrylik na hulle gevloei. Ons is vandag ook ontvangers van sy genade, hoe onverdienstelik ons ook al is. Per slot van rekening, dit sou nie genade gewees het as ons dit sou verdien het nie, sou dit?

En, afgesien van die oorvloed van voedsel wat die Here deur middel van wonderwerke aan hulle in die woestyn voorsien het, was nog 'n openbaarmaking van sy genade die voorsiening van water, waarsonder hulle baie gou sou omgekom het, veral in 'n droë, warm en verlate woestyn. Toe hy na daardie ondervinding verwys het, het Paulus geskryf: "en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus" *(I Korinthiërs 10:4)*. Ellen G. White het ook daarby bygevoeg: "Orals op hulle reise waar daar behoefte was aan water, het dit uit die rotsklowe by hulle laer uitgestroom." — *Patriarge en Profete*, bl. 411.

Lees **Númeri 20:1–13. Wat het hier gebeur, en hoe verstaan ons die Here se straf vir Moses vir wat hy gedoen het?**

_____

_____

Aan die een kant is dit nie moeilik om Moses se frustrasie in te sien en te verstaan nie. Na alles wat die Here vir hulle gedoen het, die tekens en wonders en buitengewone bevryding uit Egipte, was hulle uiteindelik op die grense van die Beloofde Land. En toe — wat gebeur toe? Skielik het hulle 'n te kort aan water ondervind, en toe begin om teen Moses en Aäron saam te sweer. Het dit gebeur omdat die Here nie toe aan hulle water kon voorsien het soos Hy so dikwels voorheen vir hulle gedoen het nie? Natuurlik nie; Hy kon dit gedoen het en was van plan om dit weer te doen.

Maar, kom ons lees Moses se woorde terwyl hy die rots slaan, selfs twee keer slaan: " 'Hoor tog, julle wederstrewiges, moet ons vir julle water uit hierdie rots laat vloei?' " *(Númeri 20:10)*. 'n Mens kan amper die woede in sy stem hoor, want hy begin om hulle "wederstrewiges" te noem.

Die probleem was nie soseer die woede self nie, wat erg genoeg maar tog verstaanbaar was — maar wat Hy gesê het, " 'Moet *ons* vir julle water uit hierdie rots laat vloei?' ", asof hy of enige menslike wese water uit 'n rots kon laat vloei. In sy woede het dit gelyk asof hy op daardie oomblik vergeet het dat dit net die krag van God was wat onder hulle gewerk het, wat so 'n wonderwerk kon doen. Hy, van alle mense, behoort dit te geweet het.

Hoe dikwels sê ons of selfs doen ons dinge in 'n oomblik van woede, al glo ons dat die woede geregverdig kan word? Hoe kan ons leer om te stop, te bid en die krag van God te vra om reg te praat en te doen voordat ons verkeerd praat en doen?

Die sonde van Moses: Deel 2

Lees **Númeri 20:12, 13 weer. Wat is die spesifieke rede wat die Here vir Moses gegee het hoekom hy nie weens sy verkeerde optrede, in die Beloofde Land kon ingaan nie? Lees ook Deuteronómium 31:2 en 34:4.**

_____

_____

Volgens hierdie teksvers was Moses se sonde groter as net sy poging om God se plek in te neem (wat al reeds erg genoeg was). Hy het ook 'n gebrek aan geloof getoon, wat, vir iemand soos Moses, onverskoonbaar was. Per slot van rekening, hierdie is die man wat, vanaf die brandende bos *(Exodus 3:2–16)* en daarna, 'n ondervinding met God gehad het wat anders was as wat die meeste mense nog ooit met God gehad het, en tog, volgens die teksvers, het Moses die Here "nie geglo" nie, d.w.s., Moses het 'n gebrek aan geloof in wat die Here gesê het, getoon, en as gevolg daarvan Hom nie voor die oë van die kinders van Israel "geheilig" nie. Met ander woorde, as Moses kalm gebly het en die regte ding sou gedoen het deur sy eie geloof en vertroue in die Here te midde van hulle afvalligheid, te toon, sou hy die Here voor die volk verheerlik het en weereens 'n voorbeeld gestel het van wat ware geloof en gehoorsaamheid behoort te wees.

Let ook op hoe Moses nie geluister het na wat die Here spesifiek vir hom gesê het om te doen nie.

Lees **Númeri 20:8. Wat het die Here vir Moses gesê om te doen, maar, in plaas daarvan, wat het hy gedoen** *(Númeri 20:9–11)***?**

_____

Vers nege dui aan hoe Moses die staf neem soos die Here "hom beveel het". So ver gaan dit goed. Maar in vers 10, in plaas daarvan om die rots aan te spreek waarna water uit die rots sou gevloei het om God se mag skouspelagtig te vertoon — het Moses die rots geslaan, nie net eenkeer nie, maar tweemaal. Ja, deur 'n rots te slaan en dan water daaruit te laat vloei, was 'n wonderwerk, maar definitief nie so bonatuurlik soos om dit aan te spreek en dieselfde ding te sien gebeur nie.

Oppervlakkig gesien, lyk dit asof God se oordeel oor Moses te erg was: na alles wat Moses deurgegaan het, sou hy nie toegelaat word om die Beloofde Land binne te kon gaan nie. Vir so lank as wat hierdie verhaal al vertel was, het mense gewonder hoekom — deur een ondeurdagte optrede — dit waarna hy so lank uitgesien het, hom geweier was.

Watter les, dink jy, moes die kinders van Israel uit wat met Moses gebeur het, geleer het?

Die dood van Moses

Arme Moses! Het hy so ver gekom, so baie deurgemaak, net om nie deel van die vervulling van die belofte wat aan Abram baie eeue gelede gemaak was, te wees nie: " 'Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee' " *(Génesis 12:7)*?

Lees Deuteronómium 34:1–12. Wat het met Moses gebeur en wat het die Here oor hom gesê wat toon hoekom hy so 'n spesiale man was?

_____

_____

"In eensaamheid het Moses nagedink oor die lotgevalle en moeilikhede wat hy geken het sedert hy die eer van die paleis en die moontlike koningskap van Egipte van die hand gewys het om sy lot saam met die uitverkore volk van God in te werp. Hy het teruggedink aan daardie lange jare met Jetro se kuddes, die verskyning van die Engel in die brandende bos, aan sy eie roeping om Israel te verlos. Weer het hy die magtige wonderwerke van God ter verlossing van die uitverkore volk aanskou, weer Sy lankmoedige genade gedurende die jare van hulle omswerwinge en oproer beleef. Ondanks alles wat God vir hulle gedoen het, ondanks sy eie gebede en arbeid, het net twee van daardie groot skare wat uit Egipte weggetrek het, in so 'n mate getrou gebly dat hulle die Beloofde Land kon binnegaan. Terwyl Moses oor die gevolge van sy arbeid nagedink het, het sy lewe van beproewing en opoffering byna vrugteloos gelyk." — Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 471-472.

Deuteronómium 34:4 sê iets wat baie interessant is. "Dit is die land wat Ek aan Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het met die woorde: 'Aan jou nageslag sal Ek dit gee;' " Die Here se taalgebruik was amper woord vir woord van wat Hy oor en oor aan die patriarge en hulle kinders gesê het, dat Hy die land aan hulle sou gee. Nou het Hy dit weer aan Moses herhaal.

Die Here het ook gesê dat " 'Ek het jou dit met jou oë *laat sien*, maar jy sal daarheen nie oortrek nie' " *(Deuteronómium 34:4, kursivering vir beklemtoning)*. Dit is nie moontlik vir Moses gewees om vanaf, waar hy gestaan het, alles wat die Here hom gewys het met normale visie te kon sien nie — van Moab tot by Dan tot by Náftali, ens. Ellen G. White sê dit duidelik: dit was 'n bonatuurlike openbaring, nie net van die land nie, maar van hoe dit sou lyk nadat hulle die land in besit geneem het.

In 'n sekere sin het dit amper gelyk asof die Here Moses geterg het deur dit in te vryf: *Jy kon deel daarvan gewees het as jy doodeenvoudig aan my gehoorsaam sou gewees het soos jy veronderstel was om te wees*, of iets soortgelyks. Maar, die Here was eintlik besig om aan Moses te toon dat ten spyte van alles wat gebeur het, selfs ten spyte van Moses se fout wat hy gemaak het, God getrou aan die verbondsbeloftes wat Hy aan die vaders en aan Israel self gemaak het, sou wees. Soos ons sal sien, het die Here selfs iets beter vir sy getroue, maar sondige dienskneg, in gedagte gehad.

Die opwekking van Moses

"Toe het Moses, die kneg van die HERE, daar gesterwe in die land Moab, volgens die bevel van die HERE. En Hy het hom in die dal in die land Moab, teenoor Bet-Peor, begrawe; niemand het tot vandag toe sy graf geken nie." *(Deuteronómium 34:5, 6)*. En so, volgens hierdie paar verse, het Moses wat so sentraal in die lewe van Israel was, 'n man wie se geskrifte nie net in Israel bly voortbestaan het nie, maar selfs vandag nog in die kerk en die sinagoge gelees word, gesterwe.

Moses het gesterwe, was begrawe, die volk het getreur, en dit was tot daarnatoe. Die beginsel van die woorde van Openbaring is sekerlik hier van toepassing: " 'salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe' ". " 'Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle' " *(Openbaring 14:13)*.

Maar, Moses se dood was nie die finale hoofstuk in die verhaal van sy lewe nie.

Lees **Judas 9. Wat gebeur hier, en hoe help hierdie vers ons om die verskyning van Moses in die Nuwe Testament te verduidelik?**

_____

_____

Ons kry hier net 'n klein kykie op die ongelooflike skouspel wat in hierdie skrifgedeelte uitgebeeld word. Mígael, wat Christus self is, het 'n woordestryd met die duiwel oor die liggaam van Moses gehad. Waaroor het hulle gestry? Daar is geen twyfel dat Moses 'n sondaar was nie; sy laaste bekende sonde, toe hy God se heerlikheid vir homself toegeëien het, was dieselfde sonde as — " 'Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!' " *(Jesaja 14:14)* — wat Lucifer se val uit die hemel reg aan die begin tot gevolg gehad het. Die geskil oor Moses se liggaam het oor Christus se aanspraak op Moses se beloofde opstanding gegaan.

Maar hoe kon Christus dit vir 'n sondaar soos Moses gedoen het, iemand wat sy wet oortree het? Die antwoord, natuurlik, kan net die kruis wees. Net soos al die diere-offers vorentoe na Christus se dood verwys het, so het die Here, deur na die kruis vooruit te kyk, vanselfsprekend op die liggaam van Moses aanspraak gemaak om hom te laat opstaan. "Ten gevolge van die sonde het Moses onder die mag van die Satan gekom. Wat sy eie verdienstelikheid betref, was hy die wettige gevangene van die dood; maar hy is tot die ewige lewe opgewek want hy kon in die Naam van sy Verlosser daarop aanspraak gemaak het. Moses het verheerlik uit die graf opgestaan en saam met sy Verlosser na die Stad van God opgevaar." — Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 479.

Hoe help hierdie verslag oor Moses ons om die diepte van die plan van verlossing te verstaan, dat Moses selfs voor die kruis opgewek kon word om onsterflikheid te ontvang?

Die opstanding van ons almal

Met die lig wat aan ons in die Nuwe Testament gegee word, blyk dit dat Moses se uitsluiting uit die Beloofde Land per slot van rekening nie eintlik 'n straf was nie. In plaas van 'n aardse Kanaän en later 'n aardse Jerusalem (wat volgens die geskiedenis 'n plek van oorloë, verowerings en lyding was), is "die hemelse Jerusalem" *(Hebreërs 12:22)* selfs noual ons woonplek, verseker 'n baie beter tuiste!

Moses was die eerste bekende voorbeeld in die Bybel van die opstanding van die dode. Henog was hemel toe geneem sonder om te sterf *(Génesis 5:24)*, en Elía ook *(II Konings 2:11)*, maar wat die geskrewe verslag betref, was Moses die eerste een wat opgewek was om die ewige lewe te ontvang.

Hoe lank Moses in die grond geslaap het, weet ons nie, maar wat hom betref, het dit nie saak gemaak nie. Hy het sy oë die laaste keer gesluit, en of dit vir drie ure of vir 300 jaar was, vir hom was dit dieselfde. Dit is ook dieselfde vir almal wat gesterf het regdeur die geskiedenis; hulle ondervinding, ten minste om dood te wees, sal geensins van Moses s'n verskil nie'. Ons sluit ons oë wanneer ons sterf, en die volgende ding waarvan ons bewus word, is of die Tweede Koms van Jesus of, ongelukkig, die finale oordeel *(lees Openbaring 20:7–15)*.

Lees **I Korinthiërs 15:13–22. Watter groot belofte word hier gevind, en hoekom maak Paulus se woorde net sin as ons verstaan dat die dode in Christus tot die opstandingsdag slaap?**

_____

_____

Sonder die hoop op die opstanding, het ons geen hoop nie. Christus se opstanding is ons waarborg; deurdat Hy as ons Offerlam op die kruis "die reiniging van ons sondes bewerk het" *(Hebreërs 1:3)*, het Christus gesterf en uit die dood opgestaan, en deur sy opstanding is ons seker van ons opstanding, en deur Moses wat die eerste voorbeeld van 'n gevalle mens was wat uit die dood opgewek was. Omdat wat Christus sou doen, was Moses opgewek; en omdat wat Christus gedoen het, sal ons ook opgewek word.

Ons kan dus in Moses 'n voorbeeld van verlossing deur geloof vind, 'n geloof wat deur 'n lewe van getrouheid en vertroue op God bevestig was, selfs al het hy aan die einde 'n fout gemaak. En regdeur die boek van Deuteronómium kan ons sien hoe Moses probeer het om God se volk te roep om dieselfde getrouheid toe te pas, om net so te reageer op die genade wat aan hulle toegestaan was net soos dit ook aan ons gegee word — ons wat ook op die grense van die Beloofde Land staan.

Roep God, hierdie selfde God, ons nie om ook getrou te bly nie? Wat kan ons doen om seker te maak dat ons nie dieselfde foute waarteen Moses in Deuteronómium gewaarsku het nie, begaan nie?

Vir verdere studie: "Toe hulle toornig vra: 'Moet ons vir julle water uit hierdie rots laat vloei?', het hulle hulle in die plek van God gestel asof hulle, met menslike swakhede en drifte, self die krag gehad het. Omdat die aanhoudende gekla en opstandigheid van die volk hom afgemat het, het Moses sy almagtige Helper uit die oog verloor, en sonder die Goddelike hulp het hy sy lewensverhaal met 'n vertoning van menslike swakheid geskend. Die man wat tot aan die einde van sy werk rein, standvastig en onselfsugtig kon gewees het, is op die einde oorwin. Hy het God in die teenwoordigheid van die vergadering onteer in 'n tyd toe hy Hom moes vergroot en opgehef het." — Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 418.

"Op die berg van verheerliking was Moses saam met Elía wat na die hemel opgevaar het sonder om te sterf. Hulle is gestuur om lig en heerlikheid van die Vader na Sy Seun te neem. So is dan Moses se gebed van honderde jare tevore verhoor. Hy het op die "goeie bergland" binne die erfnis van sy volk gestaan en van Hom getuig in wie al die beloftes aan Israel hulle middelpunt vind. Dit is die laaste openbaring aan sterflike menseoë van die man wat deur die hemel so hoog vereer is." — Bladsy 479.

Vrae vir bespreking:

1 Ja, in 'n sekere sin was Moses opgewek en kort na sy dood na die hemel gebring. Maar terselfdertyd moet arme Moses (so veronderstel ons) nou die chaos hier op aarde aanskou. Watter voorreg vir die meeste van ons om dan eers na al die gesukkel op aarde, hopelik net voor die Tweede Koms, opgewek te word. Op watter maniere is dit dan 'n groter seën as wat Moses ondervind het?

2 Hoe toon die verhaal van Moses se dood en sy uiteindelike opstanding hoe die Nuwe Testament, hoewel dit dikwels op die Ou Testament gebaseer is, ons meer as die Ou Testament help om inderdaad nuwe lig daarop te werp?

3 Hoe is die verhaal van Moses se lewe wat die slaan van die rots in 'n oomblik van woede insluit, 'n voorbeeld van wat dit beteken om deur geloof te lewe en om deur geloof sonder die dade van die wet gered te word?

4 Praat in die klas oor die belofte van die opstanding aan die einde van tyd. Hoekom is dit so sentraal in alles waarop ons hoop? En ook, as ons God daarvoor kan vertrou, d.w.s., om ons uit die dood op te wek, moet dit ons nie in staat stel om Hom vir al die ander dinge ook te vertrou nie? Per slot van rekening, as Hy dit vir ons kan doen, wat sou Hy nie vir ons kan doen nie?